Afrikaanse Vertaler, Proefleser en Redigeerder

Kaapstad

Ons kommunikasie-agentskap wat in die skryf, ontwerp en plasing van werwingsadvertensies spesialiseer, benodig tans die dienste van ’n gesoute Afrikaanse taalsuiweraar om grotendeels vir die take wat met daaglikse kopieskryftake gepaard gaan verantwoordelikheid te aanvaar.

Indien jy dus van mening is dat jy ’n bokkom kan braai wanneer dit by die redigering, vertaling, skryf en proeflees van bestaande Afrikaanse kopie kom en jou blindederm lank genoeg is om die harwar van daaglikse kopie-omset en blitsige omkeertye te hanteer, is hierdie moontlik ’n (indien nie dié) gulde geleentheid om jou staal in ’n spertydgedrewe omgewing te wys.

Om vir hierdie veeleisende, tóg opwindende pos te kwalifiseer, benodig jy ’n toepaslike tersiêre graad (verkieslik) asook ’n bewese en toepaslike prestasierekord (nie onderhandelbaar), toegewydheid, noukeurigheid en die vermoë om in spanverband te funksioneer. Synde ons in ’n tweetalige omgewing werk en skryf, sal dit tot jou voordeel strek indien jy ook dieselfde vaardighede in Engelse kopie kan handhaaf.

Hierdie sal aanvanklik ’n kontrakaanstelling van 6 maande wees, met die moontlikheid van permanente aanstelling.

Stuur asseblief inderhaas jou CV, vergesel van ’n Afrikaanse dekbrief ter motivering, na hpsnyman@telkomsa.net

Sluitingsdatum: 17 Junie 2014

118668